# OORALOOR

**MOERDYK SE OLIFANTE**

Toe die mooie Johannesburgse spoorwegstasie indertyd ontwerp werd, het wyle mnr. Charlie Malan daarin toegestem, om aan weerskante van die hoofingang twee reuse olifante in brons te laat aanbring. Ons voormalige Spoorwegminister het volstrek nie met geld

Vaderland
24 April 1935

rondgesmyt nie, maar sy sin vir die grootse, artistieke en passende van so'n uitwendige ornamentasie, het hom geredelik beweeg om toe te stem in die onkoste wat daaraan verbonde sou gewees het.

Ongelukkig het hy te doen gehad met 'n periode van weergalose depressie, en moes uiteindelik besluit word om die bronse olifante,—wat so treffend simbolies sou gewees het van spoorwegverkeer sowel as van ons land, en die Goudstad,—agterweë te laat. Inplaas daarvan het toe iemand anders die bevlieging gekry om 'n paar goedkope pleisterkoppe teen die buitemuur aan te plak, wat peuterig en petieterig aandoen teen die muurvlak, en die uitwendige lelik ontsier.

Ons land verkeer vandag geluk-kig weer in goeie doen. Staatska[s] sowel as spoorwegkas vloei oor, e[n] ons sal nie verwonder wees as ons teenwoordige Spoorwegminister op sy volgende begroting voorsiening maak daarvoor, om nou uitvoering te gee aan die mooie denkbeeld van sy voorganger. Dit sou 'n pragtige jubileum-geskenk wees aan die Goudstad, en aan die hele land,—„'n saak van skik en skoonheid tot in alle éwigheid,'' inplaas van 'n oomblik se kunsbeligting, die geknal van 'n bietjie vuurwerk of die geknetter van 'n klompie klappertjies, wat amper netsoveel sal kos. Ons weet nie of mnr. Pirow soiets in gedagte het nie; ons sê maar, dat ons nie verbaas sou wees as hy al daaraan gedenk het nie.

* * *